# JESUS HORISONTAAL – VERGEWE MEKAAR?

## AFSKOP

**Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?**

## VRAE VIR BESPREKING:

*Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.*

# God Vergewe jou – Vergewe jouself – Vergewe ander.

**Lees Deuteronomium 30:19-20 en Efesiërs 1: 5-8. Volgens die gedeeltes, waarom sal die Here wil dat ons in vergifnis leef?**

# Hoekom vergewe?

**Lees Lukas 17:1-10; Efesiërs 4:32 ; Kolossense 3:13; Lukas 6:37 en Lukas 17:11-14.**
**Wat, volgens die gedeeltes sal jou motivering wees vir Vergifnis?**

1. ______________________________________________________________
2. ______________________________________________________________
3. ______________________________________________________________

**Watter een is dalk vir jou die moeilikste om te gehoorsaam? Hoekom?**

# Wat moet/wil jy Vergewe?

**1 Johannes 1:9: Maar as ons ons sondes bely – Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid.**

# Hoe doen jy dit nou?

- **Verwyder die fout van die persoon sodat jy die fout kan vergewe en die persoon kan lief hê, nie omdat jy vergeet het wat die persoon gedoen het nie maar eerder kies om nie meer daaroor te dink nie**
    - **Psalm 103:12 - As far as the east is from the west, so far has he removed our transgressions from us.**
    - **Daniel 9:9 - Maar U, Here ons God, bewys barmhartigheid en U vergewe, al was ons opstandig teen U.**
    - **Jesaja 43:25 dit Ek wat jou opstandigheid vergewe. Ek is getrou aan Myself, Ek dink nie meer aan jou sondes nie.**
    - **Spreuke 17:9 Wie 'n oortreding bedek, soek liefde; maar hy wat 'n saak weer ophaal, skei vriende van mekaar.**
- **Wees lief en seën:**
    - **Matteus 5:43-48**
- **Prakties**
    - **Bid dat die Here jou sal help om hom te vertrou.**
    - **Bid dat die Here jou help om te kan vergewe.**
    - **Begin dit sê op jou eie.**
    - **Vertrou die Here vir ‘n geleentheid om te gaan vergewe.**

# Wie moet jy vergewe die week?

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**